*Saterdag* **31 Mei**

**Skrifgedeelte: Openbaring 10:1-11**
**Fokusgedeelte: Openbaring 10:9-11 (AFR83)**

## Neem en eet die Woord

’n Magtige engel verskyn aan Johannes (vs 1) voordat die sewende trompet, die finale oordeelsaankondiging, geblaas word. Met sy regterhand opgehef na God bevestig die engel met ’n eed: “Daar is geen tyd meer oor nie ...” (vs 6). Daar kom ’n tyd wanneer God sy verborge bedoeling in vervulling sal laat gaan: die finale koms van Christus se Koninkryk in volle glorie.

Die engel het ’n boekie in sy hand – moontlik ’n korter weergawe van God se raadsplan. Johannes kry die verrassende opdrag om die oop boek by die engel te vra en dit te eet (vgl. Eseg. 3:1-3). Die boek is soet soos heuning in sy mond, maar bitter in sy maag. Ook ons word geroep om die openbaring van God te vra, te neem en te eet, en in geloof ons eie te maak. Dit is heerlik soet en bring hoop op finale redding van ons vyande. Johannes kry vervolgens ook die opdrag om die boodskap van God aangaande baie volke, nasies, tale en konings te verkondig (vs 11).

Die opdrag is ook bedoel vir die hele kerk. In die opbou na die klimaks van die geskiedenis moet ons getroue getuies van die evangelie wees. Ons getuienis is deel van God se plan. Die gevolg is egter teëstand en vervolging (vgl. Op. 11) – dit is die bitter nadraai in die maag. Die Woord se impak is dus soet en bitter – redding én verwonding.

Ondanks die teëstand is daar ryk troos. Die engel se voorkoms spreek van God se troue teenwoordigheid. Sy bene, soos vuurpilare, en sy voete – een op die land en een in die see – is ’n kragtige beeld van God se heerskappy oor alle dinge. Al lyk dit of alles inmekaar tuimel – Hy het steeds beheer oor die ganse wêreld. Ons, sy getuies, is stewig en veilig in sy hand, selfs al gebeur daar onverstaanbare dinge wat nie aan ons geopenbaar is nie (vgl. die donderslae, vs 4). Neem en eet en geniet die evangelie. Verkondig die boodskap van redding in Christus orals, ondanks die gevolge. So vind jy jou plek in God se heerlike verlossingsplan.

*Sing: Skrifberyming 14-3:3, 4*
*Ds. JGL (Deon) van der Walt (Oudtshoorn)*